

Vorbodes

Vorbodes – Francois Malan

'n Leser vra:

Dit gaan nou baie snaaks klink, maar ek moet dringend met iemand praat oor vorbodes. Dit het weer gister gebeur met my en ek verstaan dit nie. Ek wonder of dit nie my verbeelding is nie, maar ek dink nie so nie. Ek is reeds deur 'n mediese dokter as "anders" geklassifiseer. Ek wil verkieslik nie met sielkundiges praat nie, maar met 'n professor in Bybelkunde.

Antwoord

Prof. Francois Malan antwoord:

Vorbodes is voortekens, dikwels van bonatuurlike aard, onverklaarbare boodskappe dat iets gaan gebeur, meestal iets slegs wat gaan gebeur. Daar is mense wat vorbodes kry en daaronder ly omdat hulle gewoonlik nie iets daaraan kan doen nie, en maar net moet wag om te sien wanneer dit gebeur. En sommige vorbodes gebeur eers na jare.

Vorgevoel is 'n gevoel of 'n ingewing dat iets gaan gebeur. Daar is baie mense wat voorgevoelens kry, en gewoonlik kan hulle dan daarop voorbereid wees of daarvolgens optree.

Die meeste mense kry nie vorbodes of voorgevoelens nie, en lewe volgens beplanning of besluite, en wanneer dit nie kan uitwerk nie, aanvaar hulle dat dit nie die pad is wat gevolg moet word nie, of wag hulle vir 'n beter geleentheid om dit uit te voer.

Volgens Matteus 2:1-2 het sterrekeners uit die Ooste 'n ster in die Ooste gesien en na Jerusalem gekom om aan die nuwe koning wat gebore is, eer te bewys. So het hulle die teken in die sterrehemel geïnterpreteer. In die jaar 7 v.C. was daar drie maal 'n konjunksie van Saturnus (die ster van Israel) en Jupiter (die koningsster) wat hulle moontlik laat besluit het om na Hom toe te kom (Ons jaartelling is 'n paar jaar uit. Herodes wat die seuntjies in Betlehem laat doodmaak het om die nuwe koning uit te wis, is bv. al in 4 v.C. dood).

Die profete van die Ou Testament het gesigte gesien oor die toestand en toekoms van die volk Isael.

Joël verwys na 'n sprinkaanplaag en 'n droogte, en sien in hierdie natuurrampe 'n teken van die aanbreek van die laaste dae wanneer God dié sal oordeel wat teen Hom in opstand is.

Esegiël het 'n hele aantal gesigte gesien, o.a. die vallei vol doodsbene wat weer lewendig geword het, as teken van die moedeloosheid van die volk in ballingskap, en dat die Here sy Gees in hulle sal blaas en weer lewendig maak as teken van hulle terugkeer na Jerusalem uit die ballingskap in Babel, en hulle terugkeer na die Here toe (Eseg. 37).

Daniël het 'n hele aantal gesigte gesien, in sy drome in die nag (Daniël 7:1), as visioene in die dag (8:1vv), teen die tyd van die aandoffer het 'n engel aan hom verskyn (9:21), hy het 'n openbaring gehad wat moeilik was om te verstaan en het 'n visioen gekry om dit te verduidelik (10:1).

Die boek Openbaring is vol gesigte wat Johannes gesien het.

Maar daar is ook 'n probleem met gesigte en voorbodes: kom dit van God af of van die duiwel?

Deuteronomium 13:1-4 waarsku teen 'n profeet of iemand wat drome uitlê en mense met tekens en wonders wat uitkom oorhaal om ander gode te dien. 'Die Here jou God stel jou net op die proef om vas te stel of jy Hom liefhet met hart en siel. Jy moet getrou bly aan die Here jou God en Hom eer, jy moet sy gebooie gehoorsaam en na sy bevele luister, jy moet Hom dien en aanhang.'

Jesus het sy dissipels gewaarsku: 'vals christusse en vals profete sal na vore tree en hulle sal groot tekens en wonders doen om, indien moontlik, selfs die uitverkorenes te mislei' (Matteus 24:24).

In Johannes 14:16 belowe Jesus dat die Vader die Heilige Gees van die waarheid aan ons sal gee sodat Hy vir ewig by ons kan wees. Paulus sê die Heilig Gees kom woon in ons (Romeine 8:9,11) om ons as kinders van God te lei, om saam met Christus te ly en verheerlik te word (Rom 8:14-17). In Johannes 16:7-8 het Jesus belowe dat Hy ná sy hemelvaart die Heilige Gees na ons toe sal stuur om die wêreld te oortuig van sonde en van geregtigheid (deurdat Christus ons verhouding met God reggemaak het) en van oordeel (vir dié wat nie in Christus glo nie; vgl. Johannes 3:36).

Die Heilige Gees oortuig ons met die Woord van God om in Jesus te glo as ons Verlosser en die Here oor ons lewe. Die Gees van God woon in elkeen wat tot geloof

in Jesus gekom het. Hy lei ons daaglik in ons besluite en ervarings. Hy sal jou ook lei in verband met die verbodes wat jy kry. Hy is die Gees van die waarheid wat jou sal leer om te onderskei tussen ware en valse verbodes. Daarom kan jy Hom in gebed vra om jou te lei om te onderskei tussen die goeie en die slegte, en om jou lewe te rig op Jesus as die Leidsman van jou lewe, wat jou lei deur sy Woord en Gees.

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)